12 JULIE 2020

Gr R tot Gr 3

Jy **lewe** na buite,
soos jy van **binne** is.

Romeine 8:1-11

voorbereiding

Neem saam:

- Glasies vir koeldrank
- Coke bottle met Asyn in
- Prent van 'n verkeerslig/robot
- Inkleurkryte

bid **tyd**

OPENINGSGEBED:
vra vir een van die kinders
om te open met gebed.

gesels **tyd**

Gaan doen julle soms saam met mamma inkopies? Mammas neem gewoonlik 'n inkopie lysie saam en as jy al kan lees, kan jy help om vir mamma die inkopies van die rak af te haal. Hoe weet ons wat ons in die supermark koop? Hoe weet jy wat is in die Weetbix boks? Of wat is in die koeldrank bottel? Het julle al ooit iets gekoop en toe julle by die huis kom, was dit wat julle gedink het op die boks staan, nie dit wat regtig in die boks is nie?
Gee ruimte vir kinders om te vertel van hulle inkopie ervaring saam met mamma. Vra dat uit oor wat is altyd op hulle inkompie lysie.

Wanneer ons goed van die rak afhaal, vertrou ons dat dit wat buite op die boks staan, ook die inhoud van dit is wat ons koop. Jy koop tog nie 'n boks Weetbix en verwag jy gaan Rice Crispies daarin kry nie.

Kom ons drink eers koeldrank voor ons verder gaan met vandag se les.
Gooi vooraf Coke uit 'n bottel en vul dit met bruin asyn. Haal nou die Coke bootel met die asyn daarin uit en vra wie wil van die Coke drink? Die kinders sal dalk gretig wees om daarvan te wil drink, to hulle ruik en proe dat dit nie Coke is nie maar asyn.Vra hulle uit of hulle terleurgestel was of wat hulle gedink het toe hulle agter kom dat dit nie Coke is nie, maar asyn.

gesels **tyd** (vervolg)

Mens is baie terleurgesteld dat wanneer jy iets verwag, nie dieselfde is as wat jy kry nie.

Dit gebeur ook wanneer mense sê hulle is kinders van God, maar hulle is niks lief vir ander mense nie en lewe nie soos God van ons vra nie. Dan sê hulle met hulle mond een ding, maar leef iets totaal anders. Dit is 'n terleurstelling.

Wie van julle wees watter kleure ligte kry ons alles in 'n verkeerslig? Wat beteken die verskillende ligte? Hoe weet jy wat die verkeerslig se ligte beteken? *Gee ruimte dat kinders kan vertel hoe mamma en pappa hulle leer van die ligte.*

Mamma of pappa het ons van kleins af geleer dat ons moet stop by 'n rooi lig, want rooi wys vir ons gevaar. Die oranje lig, waarsku ons om stadiger te ry of solank te stop want hier kom nou gevaar. En by 'n groen lig mag mens maar ry. Wanneer mens oor 'n rooi lig ry, kan jy 'n ongeluk maak en iemand anders wat moes ry omdat die lig vir hom of haar groen was, baie seer maak.

sing **tyd**

Hierdie liedere is slegs voorstelle.
Sing gerus iets wat meer bekend is.

Lied: Kleure liedjie
My hart was vol van sonde
Voor Jesus my ontmoet – SWART
Maar Hy het my vergewe – WIT
Gereining deur Sy bloed – ROOI
Ek groei nou in die Here – GROEN
Ek sal die hemel sien – BLOU
Op goue strate wandel – GEEL
Wil jy ook die Here dien?
O JA!

Lied: Dis net Jesus binne my (Du Preez Stoltz)
Dis net Jesus binne-in my
Wat my so bly maak
En omdat Hy by my is
Kan die bose my nie aanraak
Dit is net Jesus binne-in my
Hy is die rede-
Vir my lewensvreugde
Dit word net meer en meer

BYBEL tyd

Terwyl Jesus op aarde was, het Hy die mense geleer hoe God wil hê dat hulle moet lewe. Hy het vir hulle verduidelik dat God lief is vir ons, dat Hy 'n verhouding met ons wil hê. Hy het ook die mense geleer dat wanneer hulle hulle tot God bekeer, hulle lewens anders sal wees. Dat die liefde wta God in hulle harte plaas, gaan maak dat hulle anders optree en mense sal kan sien dat hulle lief is vir God. Hy het hulle ook heeltyd gewaarsku dat om alle reels en wette te gehoorsaam hulle nie in die Hemel sal bring nie, maar net as hulle glo dat Hy gekom het om vir hulle sonde te sterf en hulle Hom aanneem. Hy het ook verder belowe wat Hy gaan om te gaan plek gereed maak dat almal wat kinders van God is, eendag saam met Hom in die hemel kan bly. En Hy het belowe dat ons nooit alleen sal wees nie. Daarom het God die Heilige Gees gestuur om in ons te kom bly, sodat ons altyd sal weet wat is reg en wat is verkeerd. Die Heilige Gees is soos 'n sagte stemmetjie in jou binneste wat jou heeltyd herinner hoe kinders van die Here moet lewe.

Wanneer iemand die Heilige Gees in hulle harte het, is alles wat hulle doen anders. Mens kan sien so iemand is lief vir ander. Hulle bly ook weg van dinge wat vir hulle kan kwaad aandoen. Die Heilige Gees is dan amper soos 'n verkeerslig wat hulle waarsku as daar gevaar kom (Orajne) en hulle laat stop as iets verkeerd is om dit eers te bely (Rooi). Om te bely is om jammer te sê vir God oor iets wat jy verkeerd gedoen het, wat nie wys dat jy vir Hom lief is nie. Maar die Heilige Gees gee ook die groen lig en is opgewonde saam met ons wanneer ons so lewe dat ons lewe vir God eer.

Kom ons lees hiervan uit die Woord van God, die Bybel.
Lees vir die kinders voor uit Rom.8:1-11

Wanneer ons vir Jesus aangeneem het en die Heilge Gees in ons harte kom bly, dan beheer die Heilige Gees ons alles. Ons moet luister na daardie sagte stemmetjie van die Heilige Gees in ons binneste.

doen & leer tyd

Die Heilige Gees is soos 'n verkeerslig

Wanneer ek vir God lief is en dankie sê dat Jesus ook in my plek doodgegaan het, dan kom woon die Heilige Gees in my lewe.

Wanneer mense na my kyk sal dit wat ek uitleef, ook vir hulle vertel van die Heilige Gees. Net soos die koeldrank bottel wat die asyn in gehad het, kry ons mense wat net met die mond sê hulle is lief vir Jesus, maar hulle is nie regtig nie en hulle dade wys ook nie dat hulle lief is vir Jesus nie. Jy kan net iets na buite lewe, wat regtig deel van jou lewe is. Daarom moet ons altyd bid en vra dat die Heilige Gees met ons sal praat, dat ons sal hoor wanneer die lig groen is dat ons die regte ding doen. Dat ons versigtig sal wees en sal stop wanneer daar gevaar kom en dat ons sal stop en omdraai en jammer sê wanneer ons iets verkeerd doen en die Gees vir ons 'n rooi lig wys.

Kleur die verkeerslig in en onthou altyd hoe die Heilige Gees in jou hartjie werk. Vertel ook vir mamma en pappa wat jy vandag geleer het.

groet tyd

Dankie Jesus dat u ons kom skoonwas het. Dankie Heilige Gees dat U in my bly. Help my om gehoorsaam te wees en te luister wanneer u met my praat, dat my lewe kan getuig van U.
Amen



Kleur die verkeerslig in.

Die ligte herinner ons daaraan dat die Heilige Gees ook so met ons praat om ons te wys hoe om te lewe.



Rom.8:5 …maar die wat hulle deur die Gees laat beheers, hou hulle besig met die dinge van die Gees.